

Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Mei 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde^{en} al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Gebed

Skrifberyming 15-2:1, 2 (38:1, 2)

- 1 Ek wat die sewe sterre dra / wat vonkel in my regterhand;
wat wandel waar die kandelaars, / die sewe goue, om My brand –
Ek ken jou werk, al die geswoeg, / en hoe geduldig dat jy ly,
dat jy die kwaad en leu'n nie duld / en vir my Naam en waarheid stry.
- 2 Helaas, die bruidstyd is verby! / Jou eerste liefde 't jy verlaat.
Gedenk daaraan en soek dit weer, / die liefde met die liefdesdaad.
En as jy tog my Woord verwerp, / dan kom Ek, maar met oordeel, weer:
Ek neem jou kand'laar van sy plek / indien jou hart My nie begeer.

Skriflesing: Matteus 18:10-20; Heidelbergse Kategismus, Sondag 31:85

Kernvers: Matteus 18:15-17

En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.
(Matteus 18:15-17 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 85: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word dié wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra, eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwaling of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloop en bewys (a).

(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.

Tema: Die sleutel wat die koninkryk van God toe- en oopsluit

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondagaand het ons begin gesels oor die sleutels van die koninkryk van die hemel. Christus het twee sleutels eers aan die apostels en, deur hulle, aan sy kerk gegee om te hanteer. Die twee sleutels is die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met die getroue en suiwere verkondiging van die heilige evangelie sluit Christus self die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oop. Die Heilige Gees gee aan die gelowiges die versekering dat hulle sondes ter wille van Christus vergewe is en hulle word in die koninkryk ontvang.

Dieselfde heilige evangelie word aan die ongelowiges en huigelaars verkondig. Tydens die verkondiging wys die Heilige Gees aan hierdie mense dat die toorn van God op hulle bly solank as wat hulle hulle nie bekeer nie. Van die kerk se kant af gesien beteken dit nie dat die huigelaars en ongelowiges nooit in die koninkryk van die hemel kan kom nie. Ons weet mos nie wie van hierdie ongelowiges en huigelaars deur die Here uitverkies is nie. Diegene van hulle wat Hy uitverkies het, sal die Heilige Gees lei tot bekering van hulle sondes. Dan sluit Christus ook vir hulle die koninkryk van die hemel oop.

Verlede Sondag het ons uit Matteus 16 gehoor toe Jesus hierdie eerste sleutel van die koninkryk aan Petrus en die ander apostels gegee het. In Matteus 18 hoor ons dat Jesus ook die tweede sleutel van die koninkryk – die Christelike tug – aan sy apostels en sy kerk gegee het.

Broers, susters en kinders, oor die eerste sleutel van die koninkryk is die meeste mense baie positief. Dit is tog die verkondiging van die evangelie en wanneer die evangelie verkondig word, is dit mos die Here wat met groot ontferming met 'n mens praat. Oor die tweede sleutel van die koninkryk is daar egter min mense wat opgewonde raak. En die rede hiervoor is omdat hulle in die woord *tug* iets hoor wat hulle afsit.

Wanneer sommige mense die woord *tug* hoor, dink hulle dit is presies dieselfde as straf soos wanneer 'n wêreldse hof 'n oortreder vonnis. Tug en straf is nie dieselfde ding nie. Die owerheid het die opdrag van die Here om kwaaddoeners te straf. As dienaar van God is die owerheid 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf. Tug word nie toegepas om te vergeld nie, maar om in liefde die lidmaat wat afwyk van die Here se weg terug te bring. Tug is ook nie iets wat uit die hoogte gedoen word omdat die ouderling of kerkraad beter sou wees as die lidmaat wat vermaan word nie. Wanneer dié 'n gelowige 'n broer of suster vermaan, kom buig die een wat vermaan saam met die lidmaat wat vermaan word voor die Here se gesag. Tug is glad nie net die werk van die ouderlinge en predikant nie. Elke lidmaat van Christus word opgeroep om na die ander lidmate om te sien. Daarom wys die Heilige Gees vir ons vanaand wat jou en my verantwoordelikheid is teenoor 'n broer en 'n suster wat sondig.

Jesus sê: **As jou broer teen jou sondig ...** Hierdie woorde *teen jou* beteken soos wat ons dit letterlik verstaan. 'n Medegelowige kan jou persoonlik leed aandoen met sy woorde en dade en jy voel seergemaak of selfs kwaad en voel te na gekom. Die woorde *teen jou* kan ook beteken dat 'n medegelowige iets gedoen het wat jou as Christen teen die bors stuit. Dit kan wees dat hy die Here se Naam ydellik gebruik het of selfs 'n ander mens gevloek en geskel het waar jy dit gehoor het. In albei hierdie gevalle is dit dus sondes wat gedoen is waar net jy of jy en miskien 'n ander een dit gesien en gehoor het.

Baie gelowiges se eerste reaksie is om te maak asof hulle niks gesien of gehoor het nie.

Dit is nou wanneer hulle nie self daardeur seergekry het nie. Soms is gelowiges se eerste reaksie om van die verkeerde woorde of dade van die medegelowige vir 'n ander lidmaat te vertel. Of hulle vertel dit sommer dadelik aan die ouderling of predikant. Teen albei hierdie reaksies moet 'n gelowige stry, want dit is nie wat die Here van ons verwag nie. Wanneer 'n mens net stilbly en maak asof niks gebeur het nie, tree jy liefdeloos teen jou broer op. Jy gee nie om dat die Here se Naam skade aangedoen word nie. En wanneer jy met iemand oor jou broer se sonde gaan praat, is jy besig om te skinder al praat jy die waarheid.

Jesus wys vir ons die pad wat Hy wil hê ek en jy met so 'n broer of suster moet loop. Wanneer ons die Here getrou op hierdie pad volg, sal 'n mens baie dorings en slaggate vermy. Daarby sal jy die Here se Naam eer deurdat jy Hom gehoorsaam in plaas van jou eie natuurlike geaardheid. En jy kan miskien nog die vreugde beleef om te sien hoe die Heilige Gees met die Woord van die Here iemand van sy sonde red.

Die pad begin so: Wanneer jy iemand gesien of gehoor het wat verkeerd optree, moet jy na hom toe gaan. Moenie wag totdat hy na jou toe kom nie. Die goeie herder wag nie totdat die verdwaalde skaap weer terugkeer na die kraal nie. Hy loop en gaan soek hom totdat hy hom teruggekry het. Gelowiges behoort alles in hulle vermoë te doen om 'n broer of 'n suster wat van die Here af weggedwaal het terug te kry. Daardie mens is tog saam met jou in Christus ingelyf deur die Heilige Gees en as jy hom maar net los, sê jy dat jy tevrede is om te sien hoe hy as gevolg van sy sonde saam met die Satan Christus se liggaam uitmekaar skeur en vermink.

Gaan en praat in liefde en nederigheid met daardie lidmaat. So 'n lidmaat moet tereggewys word. Alle mense is maar traag om hulle eie foute en sondes raak te sien, daarom is dit soms nodig dat 'n ander gelowige hulle daarop wys. In die lewe van Dawid sien ons hierdie traagheid. Toe hy die punt van Saul se mantel afgesny het, het sy gewete hom so gepla dat hy Saul en die Here om vergifnis gevra het omdat hy sy hand teen die gesalfde van die Here opgelig het. Maar toe hy owerspel met Batseba gepleeg het en vir Urija laat vermoor het, het hy homself verhard. Die profeet Natan moes hom op sy sonde gaan wys het.

Hoe praat 'n mens met so iemand? Die goue reël is om nooit uit die hoogte en vingerwysend of beskuldigend met so iemand te praat nie. As jy dit so doen, gaan daardie lidmaat se nek net stywer word en dan gaan dit van kwaad na erger. Kom nederig en staan langs daardie lidmaat. Laat jou woorde deur die liefde gedra word. Onthou, jy kom praat met so 'n lidmaat om hom terug te wen en nie weg te jaag nie. Daarom kom jy na hom nie met wat jy dink reg is nie. Jy kom na hom toe met die Woord van die Here, want dit gaan oor wat die Here sê reg is. Julle albei buig voor die Here se gesag.

Hoekom sal 'n mens 'n lidmaat op hierdie manier gaan vermaan? Natuurlik, ten eerste, omdat die Here ons aansê om dit so te doen. Daar is egter ook 'n ander rede. Iemand wat in die sonde geval het en traag is om sy eie dwaasheid raak te sien, verloor die besef van God se genade. Omdat jy die genade van God in Jesus Christus ken en ten volle daarvan bewus is dat die bloed van Christus alle sondes afwas, moet jy daardie lidmaat ook aan die genade van die Here gaan herinner. Dit is immers die Here se genade wat Hy deur sy Gees aan ons gee wat ons uit ons ellende ophef.

Wanneer die Here dit op jou hart gelê het om 'n medegelowige te vermaan, gaan doen dit waar julle twee alleen is. Jy gaan immers met hom praat sodat hy tot inkeer kan kom en nie om hom te verneder nie. Moenie met iemand anders oor die gelowige se sonde praat voordat jy nie eers met hom daaroor gepraat het nie. Liefde het ten doel om die sondaar te

beskerm en tot bekering te begelei en nie om iemand verder skade te berokken nie. So-doende word minder verkleineer en meer vermaan, minder sonde word gepleeg en meer verantwoordelikheid nagekom. En die lidmaat wat vermaan word, sal kan raaksien dat jy nie net besorg is oor sy terugkeer na die Here toe nie, maar ook besorg is dat sy naam nie by die ander lidmate in onguns kom nie.

Teregwysing wat so gedoen word, is volgens die wil van Christus en bedoel om God se Naam te eer, om die sondaar deur bekering te behou en die vrede en heil van die gemeente te handhaaf. Want, sê Christus, as jou broer na jou luister, het jy hom teruggewen. Jy het aktief meegewerk as 'n instrument in ons God se hand om 'n sondaar van sy dwaasheid en selfvernietiging te red. As die verlies van een lidmaat uit die liggaam van Christus 'n groot verlies is, is die wins van een bekeerling nooit te gering nie. Die terugwen van een sondaar is nie net blydskap vir die sondaar en vir jou en die gemeente nie. By die engele van God is daar net so 'n groot blydskap oor een mens wat hom bekeer.

Wanneer die lidmaat wat vermaan is tot inkeer gekom het, hou die tug ook op. Die tug wat jy op die gesag van Christus bedien het, het mos ten doel gehad dat die sondaar hom van sy dwaasheid bekeer. As hy hom dan bekeer het, is verdere teregwysing en vermaning mos nie meer nodig nie. En oor die sonde wat daardie lidmaat gedoen het, word nie weer gepraat nie. As God daardie sondaar sy sonde vergewe het, dink Hyself nie eers weer daaraan nie. Trouens, ter wille van Christus verwyder Hy die oortreding so ver van die sondaar af weg as wat die ooste van die weste af weg is. As God nie weer aan sondes wat vergewe is dink nie, durf ek en jy dit ook nie weer op te haal nie.

Tot dusver klink dit darem nie te moeilik nie. Miskien dink jy nou dat jy tog hierdie opdrag van die Here sal kan uitvoer. Ons weet egter goed dat nie alle lidmate sommer met die eerste teregwysing hulle ore vir die Here wil oopmaak nie. Jesus sê ook nie dat ons net een keer 'n lidmaat sal vermaan nie. 'n Mens moet ook nie sommer met die eerste vermaning verwag dat daar 'n verandering sal wees nie. Dink 'n bietjie mooi hoeveel keer het die Here nou al met jou en my oor dieselfde ding al gepraat. En die Here het nog nie met jou of met my opgegee nie.

Wanneer die Here ons as instrumente in sy hand gebruik om 'n lidmaat te vermaan, is die Here nie net met daardie lidmaat persoonlik besig nie maar ook met ons wat moet vermaan. Laat ons daarom aanhou om in liefde oor dieselfde ding te vermaan, want daardeur leer die Here ons ook om geduldig en lankmoedig te wees soos wat Hy geduldig en lankmoedig is met ons.

Eers as die Heilige Gees ons oortuig het dat ons vermanings met die lidmaat alleen nie werk nie, gaan ons na die volgende stap wat Jesus ons leer. Let op, iemand wat hom oor die vermanings verhard, word nie maar net gelos nie. Ja, dit is moeisame werk om aan te hou praat oor dieselfde ding, maar dit is mos eers na baie pyne wat 'n babatjie gebore word en die vreugde geniet word.

Die volgende stap is om een of twee met jou saam te neem om die gelowige te vermaan. Daar is goeie redes hoekom 'n mens nou een of twee met jou saamneem. Die eerste rede gee Jesus self vir ons, sodat die waarheid deur twee of drie getuies bevestig kan word. Die een of twee wat saam met jou gaan, oordeel saam met jou dat die vermaning tog regverdig is en nie sommer maar net 'n twis is tussen jou en die ander lidmaat nie. En indien dit sou nodig wees dat die vermaning verder moet gaan tot by die kerkraad, is dit van die uiterste belang dat meer as een van die waarheid van die oortreding en verharding in die sonde kan getuig.

'n Tweede rede: Jy as gelowige alleen het nie al die wysheid en gawes van die Heilige Gees nie. Daardie een of twee wat jy saamneem, spreek miskien net 'n woord, waaraan jy nie gedink het nie, en met hierdie een woord swaai die Heilige Gees daardie lidmaat om en hy sien sy sonde in. Ons moet eerlik met onself en die Here wees. Wanneer onself nie iets kan regkry nie, moet ons nie te trots wees om hulp te vra nie. Ons moet eerder bid dat die Here ons sal lei en help in die tughandeling en as die leiding en hulp in die gestalte van een of twee ander lidmate is, moet ons dit verwelkom en die Here dank. Wie meen dat die vermaning en inkeer van die lidmaat uitsluitlik van hom of haar afhang, sal verseker meer verongeluk word as om iets effektief te doen.

En die derde rede: 'n Lidmaat sal na alle waarskynlikheid meer geneig wees om homself te verootmoedig as hy sien dit is nie net een nie maar selfs drie gelowiges wat besorg is dat hy hom van sy sonde moet bekeer. So 'n lidmaat sal agterkom dat sy sonde nie maar net persoonlik van aard is nie; dit raak meer as net homself. Dit raak die hele gemeente van Christus en dit raak Christus se Naam, daarom gebruik die Here nou meer as net een om hom te vermaan.

Indien die lidmaat na hierdie vermanings luister en homself bekeer, is die tughandeling verby. Maar Jesus leer ons die langsame pad van omsien na die afdwalende skaap, daarom gaan Hy verder. As die lidmaat nog nie luister nie, moet dit aan die gemeente gesê word. En met gemeente word dan bedoel die mense wat die Here aangestel het om die tug te hanteer, naamlik die ouderlinge. Eers na baie persoonlike vermanings deur jou alleen en later deur jou en nog twee ander, mag dit aan die kerkraad gesê word. Nou word die oor-treding en verharding van die lidmaat al meer openbaar en begin die vermaning al meer 'n amptelike karakter kry, want die vermaning word nou ernstiger. Die ouderlinge is juis deur Christus aangestel om te vertrou en te vermaan.

En uiteindelik, nou eers na baie vermanings waarop daar geen inkeer by die lidmaat is nie, sê Jesus, moet die lidmaat as 'n heiden en 'n tollenaar behandel word. Ter wille van die eer van die Here en ter wille van die sondaar, word daar nie somer by die eerste vermaning gedreig met afsnyding uit die kerk nie. Die Here beskerm diegene wat aan Hom behoort en Hy wil dit juis doen deur middel van hierdie lankmoedige pad van vermaning wat Hy aan ons leer.

Hoe moeisaam en pynlik hierdie pad van vermaning ook al vir ons mag wees, dit is die pad wat die Here aandui. Daarom kan ons seker wees, as ons tug volgens hierdie weg hanteer, tree ons inderdaad volgens die wil van God op, maak ons seker dat niemand die Here of sy kerk van onregverdigheid kan beskuldig nie, en bly ons voortdurend daarop bedag om met liefde die sondaar te begelei tot insig.

Die Here het vir ons die pad gewys wat ons moet loop wanneer ons bewus is dat iemand sonde gedoen het waarvan ek of jy alleen weet. Ons biddende antwoord op hierdie riglyn behoort iets soos die volgende te wees:

Here, ek besef dat ek nie maar net verontwaardig my kop kan skud oor ander lidmate se sondes nie. Ek besef ook dat ek hulle nie somer kan gaan aankla by die kerkraad nie. U het my oë (en/of ore) gebruik om te sien (en/of te hoor). Nou wil U my mond gebruik om met die lidmaat te gaan praat. Ek gaan! Lei U my deur u Gees, sodat ek dit kan doen soos wat U my geleer het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 15-4:2, 3, 4, 5 (40:2, 3, 4, 5)

- 2 Jou liefde^{en} trou, aan My verpand, / hou in die martelvure stand;
en jou geloof is vas ten spyt / van Satans felste woede^{en} nyd.
- 3 Maar in jou midde sluip die slang / wat siele in sy liste vang.
Die lokwoord uit sy leuenmond / verlei die volk van my verbond.
- 4 Waak op en stuit die kwaad! Waarom / sal Ek in gramskap na jou kom
en met die slagswaard van my mond / my vyand neerwerp teen die grond?
- 5 Ek roep dit uit voor wie 'n oor, / voor wie 'n hart het – laat hom hoor,
gewillig as die Gees getuig / om na my wil sy wil te buig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 Mei 2018